Downloaded from Stanmorephysics.com



# KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
## GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
## AFRIKAANS EAT
## VRAESTEL 1 –NOVEMBER EKSAMENS

**GRAAD:** 11 | **EKSAMINATRISE:** A.RAMNATH
**TYDSDUUR:** 2 UUR | **MODERATRISE:** S.SUKHNANAN
**PUNTE** : 80 | **DATUM** : 30/ 11 / 18

**Naam:**_________________________________ **Graad:**_______

**INSTRUKSIES**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings: Afdeling A –Begrips, Afdeling B-Opsomming, Afdeling C-Taal
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Beplan jou tyd so :
   Afdeling A-40 minute, Afdeling B- 30 minute , Afdeling C –50 minute.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Skryf jou onderwyser/es se voorletters neer:**SRP,SSU, SRe,PS, PR, ARA**
6. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS A

### TREVOR NOAH



1 Trevor Noah is op 20 Februarie 1984 in Johannesburg gebore. Sy ma, Patricia Noah, is 'n Xhosa en sy pa, Robert, is 'n Switser. Toe Trevor een jaar oud was, is sy pa terug Switserland toe. Sy ma en sy ouma het hom alleen grootgemaak.

2 Sy ma is later met Abel Shingange getroud. Abel het Trevor en Patricia mishandel. Hy is gestraf vir poging tot moord op Patricia. Trevor het altyd gehoop dat hierdie insident mense meer bewus sou maak van geweld teen vroue en kinders in Suid-Afrika.

3 In 2002 het Trevor (18) 'n rol in die sepie *Isidingo* gehad. Daarna het hy sy eie radioprogram, *Noah's Ark*, op Gauteng se jeugstasie, YFM (Youth FM), aangebied. Toe het Trevor besluit om net op komedie te fokus. Hy het saam met plaaslike komediante, soos Marc Lottering en David Kau, opgetree, asook saam met internasionale komediante, soos Gabriel Iglesias.

Blaai om Bl 2 . . .

4 Sedert 2004 was Noah by verskillende programme betrokke, byvoorbeeld die opvoedkundige program, *Run The Adventure*, die skinderprogram, *The Real Goboza*, en *Siyadlala*, 'n sportprogram. Hy was ook 'n deelnemer in die vierde seisoen van *Strictly Come Dancing*. Noah het later vir Cell C gewerk. Hy was hulle woordvoerder en 'n agent wat verbruikers se regte beskerm het. Trevor het vanaf 2009 bekend geraak as 'n kitskomediant ('stand-up comedian') met vertonings soos *The Daywalker*, *Crazy Normal* en *It's my Culture*.

5 Noah is 'n talentvolle komediant. Sy agtergrond in 'n gemengde familie, sy grootwordjare in Soweto en sy eie waarneming van die wêreld om hom is die belangrikste temas in sy komedie. Hy spot met alles en almal, selfs met homself. Noah is veeltalig en praat sewe van Suid-Afrika se amptelike tale, onder andere Afrikaans en isiXhosa. Hy praat ook vreemde tale soos Duits en Spaans.

6 In 2011 het hy na Amerika verhuis. In Maart 2015 het Comedy Central aangekondig dat Noah vir Jon Stewart as aanbieder van *The Daily Show* sou opvolg. Amerikaners was eers ongelukkig omdat Trevor hierdie gewilde program sou aanbied, maar nadat hy op 28 September 2015 sy eerste program aangebied het, het hy kykers se harte gewen.

7 Hierdie man van Soweto het groot sukses as aanbieder van *The Daily Show* behaal. In 2017 het hy die MTV-prys as die beste aanbieder ontvang.



8 Trevor was in die wolke oor sy prys. As kind het hy na die MTV-prysuitdelings gekyk, maar nooit gedink dat hy self 'n prys sou wen nie. In sy toespraak het hy sy ma bedank en haar as 'n magtige, sterk vrou beskryf.

9 Trevor beskryf homself as iemand wat vooruit dink en die "groter" wêreld raaksien. Akteurs soos Eddy Murphy en Chris Rock is sy rolmodelle. Hulle het sy siening oor komedie verander.

10 Trevor is deesdae die gesig van komedie in Amerika. Hy verskyn gereeld op tydskrifte se voorblaaie. Trevor was al twee keer *Times* se voorbladgesig. Hierdie tydskrif beskryf hom as 'n leier van die volgende geslag.

11 Trevor is aktief op sosiale media en deel gereeld sy glanslewe met sy miljoene aanhangers. Hy kuier saam met beroemde mense, maar vergeet nie sy ou pelle in Suid-Afrika nie.

[Verwerk uit Wikipedia.com]

1.1. In watter stad is Trevor Noah gebore? (1)

1.2. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

1.2.1. Trevor se biologiese pa is 'n

A. Suid-Afrikaner

B. Switser

C. Amerikaner (1)

**Blaai om bl 3...1.2.2**

1.2.2. Marc Lottering en David Kau is

A. Akteurs

B. Sangers

C. Komediante (1)

1.3. Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is. Haal EEN woord aan om jou antwoord te motiveer.

1.3.1. Trevor se ma is 'n blanke vrou. (1)

1.4. Hoe oud was Trevor toe hy 'n rol in die Sepie Isidingo gehad het? (1)

1.5. Trevor se ma het getrou toe hy groter was.

1.5.1. Met wie is Trevor se ma later getroud? (1)

1.5.2. Hoekom kan ons sê dat hierdie man nie goed vir Trevor en sy ma was nie? (1)

1.6. Waarom dink jy , was Trevor die regte person om in 2002 'n radioprogam op die jeugstasie, YFM aan te bied? (1)

1.7. Pas kolom A met kolom B. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

| A | B |
|---|---|
| 1.7.1. Isidingo | A. Hierdie program het vir kyker iets geleer. |
| 1.7.2. Siyadlala | B. Hierdie program gaan oor 'n danskompetisie |
| 1.7.3. Strictly come dancing | C. Hierdie program handel oor sport. |
| | D.Hierdie program is 'n bekende sepie |

(3)

1.8. Haal vier agtereenvolgende woorde aan wat sê watter werk Trevor Noah vir Cell C gedoen het. (1)

1.9. Dink jy die Amerikaners het rede gehad om ongelukkig te voel omdat Trevor The Daily Show sou aanbied? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10. Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is.

1.10.1. Trevor kon net amptelike tale van Suid-Afrika praat. (1)

1.11. Sê in jou eie woorde wat die volgende stelling beteken.

1.11.1. "Trevor was **in die wolke** oor die MTV-prys wat hy gewen het. (1)

1.12.Wie is Trevor Noah se rolmodelle? Noem twee mense. (2)

1.13. Waarvoor het hy die MTV-Prys gewen? (1)


1.14. Hoeveel keer het Trevor op Times se voorbladgesig verskyn? (1)

1.15. Skryf Twee agteeenvolgende woorde neer wat wys dat baie mense Trevor Noah se program volg. (1)

[20]

**Blaai om bl 4...Vraag 2**

<u>**Vraag 2**</u>




[Verwerk uit Grafika 24]

2.1. Waarvoor word die minste water gebruik? (1)

2.2. Wat stel die simbool  voor? (1)

2.3. Watter persentasie water word in huise gebruik? (1)

2.4. Watter sektor sal die meeste water bespaar as Suid-Afrika gedurende die jaar goeie reën kry? (1)


2.5. Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is.
3% word net in fabrieke gebruik. (1)

2.6. Waarom word hierdie teks 'n visuele teks genoem? (1)

**Blaai om bl 5...Vraag 3**

## Vraag 3 – Strokiesprent

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae




3.1. Kies die korrekte antwoord
"vir die negende keer" in raampie 2 beklemtoon dat...

A. Jeremy na sy ma luister
B. Sy ma al moedeloos is
C. Jeremy baie fluks is
D. Sy ma hom liefdevol behandel (1)

3.2. Waarom is "WORD WAKKER JEREMY" in raampie 2 in hoofletters en vetdruk geskryf? (1)

3.3. Bestudeer raampie 4,5, en 6. Verduidelik hoekom Jeremy nog nie geleer het om dinge vir himself te doen nie? (1)

3.4. Kies die regte antwoord
Jeremy se liggaamstaal en gedrag vertel dat hy .....optree.

A. Doelgerig
B. Gedissiplineerd
C. Onverantwoordelik
D. Selfstandig (1)

[4]

[30]

**Blaai om Bl 6...Afdeling B**

## Afdeling B-Opsomming

### Vraag 4

**WENKE OM JOU VOETE GESOND TE HOU**

- Som die wenke oor hoe om jou voete gesond te hou in SEWE stappe op.
- Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan

**1.**
Was jou voete in die aande mooi skoon. Vuiligheid op jou vel kan infeksie veroorsaak. Jy sal nie lekker met vuil voete slaap nie.

**2.**
Jy moet jou voete deeglik afdroog nadat jy hulle klaar gewas het. Gebruik 'n droë handdoek. As jy nie jou voete goed afdroog nie, kan jou voete sleg ruik.

**3.**
Harde vel en eelte laat jou voete lelik lyk. Raak daarom van al die harde vel en eelte ontslae. 'n Skuurdip help om die harde vel af te skuur.

**4.**
Jy moet jou toonnaels altyd reguit afsny. As jy jou toonnaels skuins afsny, kan dit maklik ingroei. Toonnaels word makliker geknip nadat jy gebad het, want dan is dit sag.

**5.**
Dit is sleg vir jou voete om die verkeerde skoene te dra. Sorg dat jy skoene dra wat nie jou tone seermaak nie. Party skoene kan jou voete seer druk.

**6.**
Openbare plekke soos gimnasiums en swembaddens se vloere is vuil. Moenie kaalvoet in hierdie plekke loop nie. Dit sal keer dat jy voetskimmel en vratte kry.

**7.**
As skoene te klein is, sal dit jou voete druk en so kan jy eelte kry. Moenie sulke skoene dra nie. 'n Mens koop skoene in die middag, want jou voete swel deur die dag.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 20 Januarie 2012]

10 PUNTE

Blaai om bl 7...Afdeling C

## Afdeling C- TAAL

**Bestudeer die onderstaande reeks grapprentjies aandagtig deur en beanwoord die vrae.**




5.1.Gee die korrekte **sinoniem** van die woord tussen hakies
Die twee maats het lekker (gesels). (1)

5.2. Gee die **intensiewe vorm** van die woord tussen hakies
Hagar en sy maat het (koue) bier gedrink. (1)

5.3. Skryf die sin in die **korrekte infinitief** maar begin soos aangedui
Helgar moet elke môre die kombuis skoonmaak.
**Begin so: Helga behoort.....** (1)

5.4. Kies die **regte spelling** van die woorde tussen hakies
Sy wil (onmiddellik/ onmiddelik) die besem kry. (1)

5.5. Skryf die volgende sin in die **Lydende vorm**
Die vrou sal die huis gou-gou uitvee. (1)

**Blaai om bl 8...5.6.**

5.6. Skryf die volgende sin in die **Indirekte Rede**
Tom vra:"Kan ek nog 'n drankie kry?" (1)

5.7. Skryf die volgende sin in die **Verlede Tyd**
Helgar vee die vloer om die kamer netjies te hou. (1)

5.8. Gee die korrekte **deelwoord**
Sy is 'n baie (hardwerk) vrou wat baie netjies is. (1)

5.9. Gee die **vergrotende trap** van die woord tussen hakies.
Sy word (vroeg) as haar man wakker. (1)

5.10. Skryf die volgende sin die **toekomende tyd**
Dis altyd so rustig in Hagar se huis. (1)

5.11. Skryf die volgende sin in die **Bedrywende Vorm**
Die bier word vandag deur hom in die sitkamer gedrink. (1)

5.12. Skryf die volgende sin in die **Ontkennende vorm**
Die vrou is nog klaar met haar werk. (1)

5.13. Verbind die twee sinne met die gegewe **voegwoord**
Helgar het verby die mat geloop. Sy het al die stof opgemerk. (terwyl) (1)

5.14. Stel die vraag op waarop die onderstreepte gedeelte die antwoord is.
Helgar hardloop <u>na die kombuis toe.</u> (1)

5.15. Voltooi die volgende **idioom**
Helgar loop heen en ___________ binne die huis. (1)

5.16. Voltooi die volgende **vergelyking**
Helga hardloop so vinnig soos die ____________ . (1)

5.17. Gee die **meervoud** van die woord tussen hakies
Die (vrou) vee die vloer. (1)

5.18. Kies die korrekte **voornaamwoord** tussen hakies
Tom besoek vandag (sy/haar/hy) vriend. (1)

**Blaai om bl 9...5.19.Kies**

5.19. Kies die **korrekte antwoord**
Sy is 'n slim vrou (wat/wie) altyd haar huis skoon hou. (1)

5.20. Kies die **korrekte woord** tussen hakies
Helgar moet al die huiswerk op haar (eie/uie) doen. (1)

5.21. Skryf die volgende sin in die **direkte rede**
Hagar se maat sê dat hy Hagar se geselskap geniet. (1)

5.22. Skryf die volgende sin in die **teenwoordige tyd**
Die twee vriende kon net gesels en ontspan. (1)

5.23. Vul die ontbrekende **voorsetsel** in
Tom stap _______ voet na Hagar se huis. (1)

5.24. Skryf die volgende **afkorting** volledige uit
Hagar se huis is op die regterkant van die (str.) (1)

**[24]**

**Blaai om bl 10....Vraag 6**

## Vraag 6

**Die onderstaande vrae is op die volgende advertensie gebaseer:**




6.1. Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

6.2.1. In watter vorm is hierdie advertensie geskryf? (1)
6.2.2. Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks. (1)

6.3. In hierdie advertensie kry ons 'n voorbeeld van :
A. veralgemening
B. manipulasie
C. stereotipering (1)

6.4. Skryf die korrekte spelling van die woord ("seblief") (1)

6.5. Verander die volgende stelsin na 'n vraagsin
By ouma is dit so vervelig. (1)

6.6. Gee die **enkelvoud** van die woord tussen hakies
Hulle bly in Mauritius vir sewe (nagte). (1)

6.7. Skryf die volgende sin in die korrekte **woordorde**
Hulle (per vliegtuig/verlede week/het/gegaan/na Mauritius toe). (1)

6.8. Gee die verkleinsvorm van die woord tussen hakies
Die klein (kind) sal die vakansie geniet. (1)


6.9. Gee die **antoniem** vir "vervelig". (1)

**[10]**

**Blaai om bl 11...Vraag 7**

## Vraag 7

**Die taalvrae wat volg is op die onderstaande prent gebaseer**



**Gebruik die woorde in die lysie hieronder om die paragraaf te voltooi.**
**Skryf net die woorde neer.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Piano** | **dak** | **koppie** | **regterhand** | **linkerhand** |
| **oe** | **ore** | **kitaar** | **hoe** | **plafon** |

Hoe harder mnr. Botha die ______7.1_____ met sy besemp stamp, _________7.2________ meer verward raak Rockstar. Rockstar sit met 'n _______7.3____ tee in sy ______7.4_______ en ontspan.Ouma Hilda speel die ________7.5______terwyl oupa Koos lekker dans. Mevrou Botha hou haar hande oor haar ________7.6_______ omdat die musiek so luid is. (6)

TAAL PUNTE-40

**TOTAAL PUNTE-80**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY